

BURGERS VAN JESUS SE KONINKRYK

WYS IN HUL LEWE VAN ELKE DAG ...

HULLE DOEN MOEITE OM IN DIE KONINKRYK IN TE GAAN

1 KOM TOT RUS

- 1.1 Aan watter verhouding of verantwoordelikheid in jou lewe gee jy elke dag die meeste aandag?
- 1.2 Kom ons kom tot rus by ons Here:

Kolossense 1:12-14

Met blydschap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.

2 KOM ONS HOOR ...

2.1 Luister na Here

- 2.1.1 Lees Matteus 6:25 – 7:29.

2.2 Luister na mekaar ... en na ander

- 2.2.1 Wat spreek jou aan? Waartoe het jy vroe? Wat laat jou opgewonde voel? En onseker?

- 2.2.2 In Matteus 6:25-34 vertel Jesus vir ons **hoe ons goed vir onself kan sorg**:

- Wat dui Jesus aan met die begrippe *lewe* en *liggaam* (*siel* en *liggaam*)?
- Wat bedoel Jesus met die oproep *Moet julle nie bekommer nie?* (6:25)
- Waarop behoort ons nie te fokus ... en hoekom nie? (6:25)
- Waarop behoort ons wel te fokus ... en hoekom? (6:33)
- Watter drie redes gee Jesus waarom dit nie goed is om hier op versorging van jou lewe en liggaam te fokus nie? (6:26-30)
- Hoekom is dit ook nie nodig om voortdurend oor jou lewe en liggaam se versorging te bid nie? (6:31-32)
- Watter rede gee Jesus finaal vir sy oproep om juis nou op sy koninkryk te fokus? (6:34)

- 2.2.3 In Matteus 7:1-12 spoor Jesus ons aan om **op ons eie heilige lewe te fokus**:

- Waarop dui die *oordeel* waarna vers 1 verwys?
- Waarop moet ek eerder fokus as om ander mense te oordeel? (7:1-2)
- Hoe verduidelik verse 3-5 Jesus se oproep in verse 1-2?

- Hoe beklemtoon vers 6 die noodsaak om op jou eie lewenswyse te fokus?
- Wat moet ons eerder doen om te sorg dat ons eie lewenswyse is soos die Here dit wil hê? (7:7-8)
- Waarvan kan ons seker wees wanneer ons so bid? (7:9-11)
- Watter tipe mense kry by die Here die goeie gawes ... en hoe beïnvloed hierdie werklikheid hoe ons vers 12 verstaan?

2.2.4 In Matteus 7:13-27 beklemtoon Jesus hoe belangrik dit vir ons is om **aan Hom gehoorsaamheid** te wees:

- Hoe belangrik is dit om as gelowige die lewe versigtig en met oop oë aan te pak? Hoekom? (7:13-14)
- Waarvoor moet ons in besonder op die uitkyk wees? (7:15)
- Hoe kan mens die *vals profete* uitken? Waarop dui *hul vrugte*? (7:16-20)
- Tot watter houding teenoor Jesus roep Hy ons in vers 21 op?
- Watter optrede van die vals profete het nie regtig waarde in Jesus se koninkryk ... as dit net daar bly nie? (7:22)
- Hoe tree Jesus in die eindoordeel op teenoor mense vir wie dit nie belangrik is om te sorg dat ander gehoorsaam leef nie? (7:23)
- Wat is uiteindelik belangrik vir ons as gelowiges wat Jesus volg? (7:24-27)
- Watter waarskuwing lê opgesluit in die woorde *en die huis is heeltemal verwoes*? (7:27)

2.2.5 In Matteus 7:28-29 word gevra: *Hoe reageer ek op hierdie woorde van Jesus?*

- Hoe het die skare mense op Jesus gereageer?
- Wat mis in hul reaksie?

2.3 **Luister weer na Here**

2.3.1 Lees weer Matteus 6:25 – 7:29.

2.3.2 Wat tref jou nou?

3 **KOM ONS LEEF ...**

3.1 Jesus is Goeie Nuus: *Hy roep ons om moeite te doen om Hom as Here te dien!*

3.2 In watter mate wys my lewe van elke dag dat ek moeite doen met die lewe agter Jesus aan?

3.3 Hoe gaan ek die goeie nuus van Matteus 6:25 – 7:29 in die wêreld leef?